

**Vrydag 24 Februarie**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:16**

**Ons moet die Heilige Gees toelaat om ons te beheers!**

In Galasiërs 5 hoor ons die wonderlike woorde: Die Heilige Gees woon en werk in gelowiges. Hy bring sy vrug – die wonderlike eienskap van vers 22-23 – in gelowiges na vore.

Ons hoor egter ook in hierdie woorde van ons verantwoordelikheid ten opsigte van die Heilige Gees. Ons moet die Heilige Gees *toelaat* om ons te beheers. Hoekom? Want ons kan die Heilige Gees bedroef (Ef. 4:30). Ons kan sy werking weerstaan of belemmer. Die Heilige Gees se beheersing gaan nie daaroor dat ek geen verantwoordelikheid het nie. Intendeel, *ek* moet teen die sonde worstel deur die Heilige Gees toe te laat om my beheersend hierin te lei (vgl. Rom. 8:14; Ef. 5:18).

Daarom moet ons besef dat indien ons nie die Gees toelaat om ons te beheers nie – indien ons onself nie elke dag vir sy werking oopstel nie, indien ons maar voortploeter volgens ons sondige natuur – dan gaan ons direk teen God se Gees. Dan speel ons werklik met vuur.

Juis om hierdie negatiewe gedrag teë te werk, moet ons gehoorsaam wees aan die positiewe opdragte in Galasiërs 5:

- Vers 16: *“Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie.”*
- Vers 25: *“Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.”*

Hoe sal dit duidelik wees dat ek deur die Heilige Gees beheers word? Maklik: Die vrugte wat ek dra, sal dit wys (Luk. 6:43-45). Die vrug van die Gees sal al hoe meer sigbaar wees in die lewe van iemand wat hom deur die Gees laat beheers.

Mag ek en jy wat deur Christus gekoop is en in wie die Heilige Gees woon, God al hoe meer verheerlik deur die Gees toe te laat om ons te beheers!

*Sing: Skrifberyming 9-2:8, 9*

*Ds. AJ (Albert) Coetsee (Uitschot)*